"learner, grade B," means a learner employed as such under section *ten* of the Act who has not passed the test referred to in paragraph 3 (1) of Government Notice No. 789 of the 17th April, 1953;

"learner, grade A," means a learner employed as such under section *ten* of the Act who has passed the test referred to in paragraph 3 (1) of Government Notice No. 789 of the 17th April, 1953;

"skilled work" means work performed in any of the following trades or any branch of any such trade specified as being included therein, namely:—

(*a*) Blocklaying, excluding the laying of blocks not bedded in mortar or mastic and the laying of blocks in the construction of concrete floors and concrete roofs where no artisan's tools are used in the performance of these operations;

(*b*) bricklaying, including pointing, wall and floor tiling and paving, drainlaying, slating and roof tiling, and general concrete work (including reinforcement);

(*c*) masonry, including monumental masonry, paving, pointing, wall and floor tiling and general concrete work (including reinforcement);

(*d*) plastering, including modelling, granolithic and composition flooring, precast concrete work, wall and floor tiling, paving and general concrete work (including reinforcement);

(*e*) carpentry and joinery, including shopfitting, the erection of ceilings, woodblock and composition flooring, roof covering (other than thatching) and general concrete work (including reinforcement);

(*f*) painting, including decorating, paperhanging and glazing;

(*g*) signwriting;

(*h*) plumbing, including copper, lead and sheetmtal working, gasfitting, sanitary and domestic engineering, drainlaying and leadburning;

(*i*) woodmachining;

(*j*) leadlightmaking;

(*k*) french polishing;

(*l*) electrical fitting and wiring;

"working employer" or "partner" means any employer or partner who performs any skilled work;

"wage" means that portion of the remuneration payable in money to an employee in respect of the ordinary hours of work laid down in clause 6.

3. WAGES.

The minimum wage which an employer shall pay to each member of the undermentioned classes of his employees employed in a Native area falling within any of the areas mentioned below shall be as follows:—

Gebiede.	Klas werknemer.	Loon per uur.
		s. d.
1. Landdrosdistrikte Die Kaap, Wynberg, Simonstad en Bellville	Leerling graad B	1 3
	Leerling graad A	1 5½
	Naturellebouwerker	1 10½
	Ander Naturelle wat geskoolde werk verrig	1 10½
2. Landdrosdistrikte Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Heidelberg (Tvl.), Johannesburg, Kempton Park, Nigel, Port Elizabeth en Springs; die gebied binne 17 myl van die Hoofposkantoor Durban; die gebied binne 30 myl van die Hoofposkantoor Krugersdorp; die gebied binne 20 myl van die Hoofposkantore Pretoria en Vereeniging; die gebied binne 10 myl van die Hoofposkantore Klerksdorp, Potchefstroom, Witbank en Middelburg (Tvl.)	Leerling graad B	1 1
	Leerling graad A	1 3½
	Naturellebouwerker	1 8½
	Ander Naturelle wat geskoolde werk verrig	1 8½
3. Die Landdrosdistrikte Kroonstad, Oos-Londen, Paarl, Somerset-Wes, Stellenbosch en Wellington; die munisipale gebied van Kimberley; die gebied binne 15 myl van die Hoofposkantoor Bloemfontein; en die gebied binne 25 myl van die Hoofposkantoor Pietermaritzburg	Leerling graad B	1 0
	Leerling graad A	1 2½
	Naturellebouwerker	1 7½
	Ander Naturelle wat geskoolde werk verrig	1 7½
4. Die Landdrosdistrik Worcester	Leerling graad B	0 11
	Leerling graad A	1 1½
	Naturellebouwerker	1 6½
	Ander Naturelle wat geskoolde werk verrig	1 6½
5. Die Landdrosdistrikte Albany en Queenstown	Leerling graad B	0 10½
	Leerling graad A	1 1
	Naturellebouwerker	1 6
	Ander Naturelle wat geskoolde werk verrig	1 6

Areas.	Class of Employee.	Wages per Hour.
		s. d.
1. The Magisterial Districts of The Cape, Wynberg, Simonstown and Bellville.....	Learner, grade B.....	1 3
	Learner, grade A.....	1 5½
	Native building workers	1 10½
	Other Natives employed on skilled work	1 10½
2. The Magisterial Districts of Delmas, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Heidelburg (Tvl.), Johannesburg, Kempton Park, Nigel, Port Elizabeth and Springs; the area within a 17 mile radius from the General Post Office, Durban; the area within a 30 mile radius from the General Post Office, Krugersdorp; the area within a 20 mile radius from the General Post Offices, Pretoria and Vereeniging; the area within a 10 mile radius from the General Post Offices, Klerksdorp, Potchefstroom, Witbank, and Middelburg (Tvl.)	Learner, grade B.....	1 1
	Learner, grade A.....	1 3½
	Native building worker	1 8½
	Other Natives employed on skilled work	1 8½
3. The Magisterial Districts of Kroonstad, East London, Paarl, Somerset West, Stellenbosch and Wellington; the Municipal Area of Kimberley; the area within a 15 mile radius from the General Post Office, Bloemfontein; and the area within a 25 mile radius from the General Post Office, Pietermaritzburg	Learner, grade B.....	1 0
	Learner, grade A.....	1 2½
	Native building worker	1 7½
	Other Natives employed on skilled work	1 7½
4. The Magisterial District of Worcester.....	Learner, grade B.....	0 11
	Learner, grade A.....	1 1½
	Native building worker	1 6½
	Other Natives employed on skilled work	1 6½
5. The Magisterial Districts of Albany and Queenstown.....	Learner, grade B.....	0 10½
	Learner, grade A.....	1 1
	Native building worker	1 6
	Other natives employed on skilled work	1 6

4. BETALING VAN LONE, OORTYD EN TOELAES.

(1) Lone, oortydverdienste en ander besoldiging wat in geld betaal moet word, moet weekliks of, as die dienskontrak só bepaal, maandeliks in kontant betaal word op die inrigting se gewone betaaldag vir so 'n werknemer, of by diensbeëindiging as dit voor die gewone betaaldag plaasvind.

(2) Lone, oortydverdienste en ander besoldiging wat in geld betaal moet word, moet aan werknemers oorhandig word in verseëlde koeverte waarop die name van werkgewer en werknemer voorkom, asook die getal ure gewerk, aftrekkings, ingeslote bedrag en die tydperk ten opsigte waarvan betaling gedoen word; met dien verstande dat die bepalings van hierdie subklousule nie van toepassing op 'n plaaslike owerheid is nie in gevalle waarin die inspekteur soos by wet omskryf homself daarvan oortuig het dat die bestaande stelsel van besoldiging die werknemers die nodige beskerming verleen.

(3) Geen aftrekkings mag van 'n werknemer se loon gemaak word nie; met dien verstande dat bedrae afgetrek mag word wat 'n werkgewer by wet, ordonnansie of regsgeding verplig word om namens 'n werknemer te betaal.

5. LEWENSKOSTETOELAES.

'n Werkgewer wat ten opsigte van enigeen van sy werknemers nie deur Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942 gebind word nie moet so 'n werknemer, benewens die loon wat in klousule 3 vir hom voorgeskryf word, minstens die lewenskosetoelae betaal wat deur genoemde Oorlogsmaatreël, soos van tyd tot tyd gewysig, vir 'n werknemer wat sodanige loon ontvang voorgeskryf word, en vir die doel hiervan word dit beskou dat die ander bepalings van genoemde Oorlogsmaatreël by hierdie Vasstelling ingesluit word.

6. GEWONE WERKURE.

(1) Die gewone werkure van 'n werknemer is hoogstens die volgende:—

(*a*) vyf-en-veertig per week van Maandag tot Vrydag;

(*b*) nege per dag.

(2) *Etenspouses.*—Geen werkgewer mag 'n werknemer verplig of toelaat om vir meer as vyf uur te werk sonder 'n etenspouse van minstens 'n halfuur waarin hy nie verplig of toegelaat kan word om te werk nie, en dié pouse word nie as deel van die gewone werkure of oortyd beskou nie.

7. OORTYD EN BETALING DAARVAN.

(1) Tyd gewerk bo die maksimum getal gewone werkure wat in klousule 6 (1) voorgeskryf word, word as oortyd beskou.

(2) Geen werkgewer mag 'n werknemer verplig of toelaat om meer as—

(*a*) 10 uur per week;

(*b*) 3 uur per dag;

oortyd te werk nie.

(3) Uitgesonderd soos bepaal in subklousules (2) en (3) van klousule 8 hiervan, moet 'n werkgewer sy werknemer vir alle oortyd deur die werknemer gewerk, betaal teen minstens een-en-n-half maal die werknemer se basiese loon.

4. PAYMENT OF WAGES, OVERTIME AND ALLOWANCES.

(1) All wages, earnings for overtime and other remuneration payable in money shall be paid in cash weekly or where the contract of employment is such, monthly, on the usual pay day of the establishment for such employee, or on termination of employment if this takes place before the usual pay day.

(2) Wages, earnings for overtime and other remuneration payable in money shall be handed to employees in sealed envelopes showing the name of the employer and employee, number of hours worked, any deductions which may have been made, amount enclosed and the period in respect of which payment is made; provided that the provisions of this sub-clause shall not apply to a local authority where the inspector defined by regulation is satisfied that the established pay system affords the necessary protection to employees.

(3) No deductions of any kind may be made from the wages due to an employee; provided that any amount which an employer is compelled by law, ordinance or legal process to pay on behalf of an employee may be deducted.

5. COST OF LIVING ALLOWANCE.

An employer, who in respect of any employee of his is not bound by the provisions of War Measure No. 43 of 1942, shall nevertheless pay to such an employee, in addition to the wage prescribed for such employee in clause 3, a cost of living allowance of not less than that prescribed in the said War Measure, as amended from time to time, for an employee earning such wage and the other provisions of the said War Measure shall for this purpose be deemed to be incorporated in this Determination.

6. ORDINARY HOURS OF WORK.

(1) The ordinary hours of work of an employee shall not exceed—

(*a*) forty-five in any week from Monday to Friday;

(*b*) nine on any day.

(2) *Meal Intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours without a meal interval of not less than half-an-hour during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work and such interval shall not be deemed to be part of the ordinary hours of work or overtime.

7. OVERTIME AND PAYMENT THEREFOR.

(1) All periods worked in excess of the maximum number of hours prescribed in clause 6 (1) shall be deemed to be overtime.

(2) An employer shall not require or permit his employee to work overtime for more than—

(*a*) ten hours in any week;

(*b*) three hours on any day.

(3) Except as provided for in sub-clauses (2) and (3) of clause 8 hereof an employer shall pay to his employee in respect of all overtime worked by the employee at the rate of not less than one and one-half times the employee's basic wage.

8. OPENBARE VAKANSIEDAE, SATERDAE EN SONDAE.

(1) Aan 'n werknemer moet verlof met volle betaling op Goeie Vrydag, Geloftedag, Kersdag en Nuwejaarsdag toegestaan word; met dien verstande dat in 'n noodgeval van hom vereis kan word om op so 'n dag te werk.

(2) Wanneer 'n werknemer werk op 'n openbare vakansiedag wat in subklousule (1) genoem word, moet sy werkgewer hom minstens die basiese loon betaal wat hom toekom ten opsigte van die getal ure wat hy op 'n gewone werkdag werk, plus sy basiese loon vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat hy op so 'n openbare vakansiedag werk.

(3) Vir enige tyd op 'n Saterdag gewerk, moet die werkgewer die werknemer minstens een-en-'n-half maal sy basiese loon betaal vir die eerste vier uur aldus gewerk en twee maal die basiese loon ten opsigte van tyd daarna gewerk.

(4) Vir alle tyd wat op 'n Sondag gewerk word, moet die werkgewer 'n werknemer minstens dubbel die basiese loon betaal wat hom toekom ten opsigte van die tydperk wat hy op 'n gewone werkdag werk.

9. AANSPORINGSLONE.

'n Werkgewer kan 'n aansporingsloonstelsel invoer, met dien verstande dat 'n werknemer se besoldiging en ander geldelike voordele kragtens so 'n stelsel nie minder mag wees as die loon wat in klousule 3, saam met klousules 7 en 8 gelees, vir hom voorgeskryf word nie.

10. DIENSBEËINDIGING.

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer moet minstens een volle werkdag kennis gee van hul voorneme om 'n dienskontrak te beëindig; met dien verstande dat dit nie inbreuk maak op die werkgewer of werknemer se reg om die kontrak op staande voet te beëindig om 'n rede wat by wet as voldoende erken word nie.

(2) 'n Werkgewer mag 'n werknemer in plaas van diensopsegging sy dagloon betaal.

(3) Gedurende die tydperk van diensopsegging wat in subklousule (1) genoem word, moet 'n werkgewer 'n werknemer een uur toestaan om sy gereedskap werkgereed te maak.

(4) Geen diensopsegging is nodig as die werknemer vir minder as twee werkdae by die werkgewer in diens is nie.

(5) Subklousules (1), (2), (3) en (4) van hierdie klousule is nie op leerlinge van toepassing nie.

11. INDIENSNEMING VAN MINDERJARIGES.

Geen werkgewer mag iemand onder die ouderdom van 18 jaar of, as die ouderdom nie vasgestel kan word nie, iemand wat jonger as 18 jaar lyk, in diens neem nie.

12. BÊRE EN VERSKAFFING VAN GEREEDSKAP.

Elke werkgewer moet 'n geskikte plek by alle werkplekke, skure en werkwinkels verskaf waar gereedskap toegesluit kan word. Die werkgewer is verantwoordelik vir die behoorlike toesluit van hierdie plekke en vir enige verlies van gereedskap wat 'n werknemer in toesluitplekke ly as gevolg van brand.

13. NATWEERSKUILING.

Elke werkgewer moet geskikte natweerskuilings vir werknemers verskaf op elke bouterrein.

14. LATRINES.

Elke werkgewer moet behoorlike en afsonderlike sanitêre geriewe vir blanke en nie-blanke werknemers verskaf by alle werkplekke.

15. JAARLIKSE VERLOF.

(1) 'n Werkgewer moet aan elkeen van sy werknemers 12 werkdae verlof toestaan binne die tydperk wat iedere jaar op die Saterdag onmiddellik voor 16 Desember begin en die volgende jaar op die Vrydag onmiddellik voor 7 Januarie eindig.

(2) Benewens die lone voorgeskryf by klousule 3 moet 'n werkgewer aan elkeen van sy werknemers 'n bedrag van minstens 12 werkdae se loon betaal op die laaste betaaldag van die inrigting onmiddellik voor die vakansie wat by subklousule (1) hiervan voorgeskryf word; met dien verstande dat ingeval 'n werknemer minder as 12 maande in 'n jaar by dieselfde werkgewer in diens was, dié besoldiging bereken moet word op die grondslag van een dag se loon vir elke voltooide maand diens by daardie werkgewer.

(3) 'n Werknemer wie se dienstyd—

(*a*) in die eerste kalenderjaar diens by dieselfde werkgewer eindig na voltooiing van een maand diens maar voor voltooiing van sodanige jaar; en

(*b*) in enige daaropvolgende kalenderjaar diens by dieselfde werkgewer eindig voor voltooiing van die jaar;

moet by sodanige beëindiging 'n bedrag van minstens een dag se besoldiging vir elke voltooide maand diens betaal word.

(4) Vir die toepassing van hierdie klousule sluit die uitdrukking „diens" enige tydperk in waarin die werknemer—

(*a*) ingevolge subklousule (1) hiervan met verlof is; en

(*b*) op las of op versoek van sy werkgewer afwesig is.

8. PUBLIC HOLIDAYS, SATURDAYS AND SUNDAYS.

(1) An employee shall be granted leave on full pay on Good Friday, the Day of the Covenant, Christmas Day and New Year's Day; provided that in the event of urgency he may be required to work on such days.

(2) Whenever an employee works on any public holiday referred to in sub-clause (1), his employer shall pay him not less than the basic wage payable to him in respect of the number of hours ordinarily worked by him on a normal working day plus his basic wage for each hour or part of an hour worked on such public holiday.

(3) For any time worked on a Saturday, the employer shall pay the employee not less than one and one-half times his basic wage for the first four hours so worked and double the basic wage in respect of time worked thereafter.

(4) For any time worked on a Sunday the employer shall pay the employee not less than double the basic wage payable in respect of the period ordinarily worked by him on a normal working day.

9. INCENTIVES.

An employer may introduce and operate a system of incentive payments; provided that as a result of the introduction and operation of such a system the remuneration and other monetary benefits accruing to an employee shall not be less than the wage prescribed for him in clause 3 read with clauses 7 and 8.

10. TERMINATION OF EMPLOYMENT.

(1) An employee or his employer shall give not less than one clear working day's notice of his intention to terminate service; provided that this shall not affect the employer's or the employee's right to terminate service forthwith without notice for any good cause recognised by law as sufficient.

(2) An employer may pay an employee one day's pay in lieu of notice.

(3) During the period of notice referred to in sub-clause (1) hereof an employer shall allow the employee one hour to put his tools in working order.

(4) No notice of termination shall be required if the employee has worked for less than two working days with that employer.

(5) The provisions of sub-clauses (1), (2), (3) and (4) of this clause shall not apply to learners.

11. EMPLOYMENT OF MINORS.

No employer shall employ a person under the age of 18 years, or if the age cannot be established, a person who appears to be under that age.

12. STORAGE AND PROVISION OF TOOLS.

Every employer shall provide a suitable place on all jobs, jobbing work sheds and workshops for locking up tools. The employer shall be responsible for keeping lock-ups, properly locked and for any loss of tools suffered by an employee in lock-ups due to fire.

13. WET WEATHER SHELTER.

Every employer shall provide suitable facilities at any site where building operations are conducted in which employees may take shelter during wet weather.

14. LATRINES.

Every employer shall provide proper sanitary accommodation on all jobs for Europeans and non-Europeans separately.

15. ANNUAL LEAVE.

(1) An employer shall grant to each of his employees 12 working days' leave of absence within the period commencing on the Saturday immediately preceding the 16th December of each year and terminating on the Friday immediately preceding the 7th January the following year.

(2) In addition to the wages prescribed in clause 3 an employer shall pay to each of his employees on the last pay day of the establishment immediately preceding the holiday period prescribed in sub-clause (1) hereof an amount of not less than 12 working days' pay; provided that where an employee has been in employment with the same employer for less than 12 months during any year such payments shall be calculated on the basis of one day's pay for every completed month of employment with that employer.

(3) An employee whose services terminate—

(*a*) in the first calendar year of employment with the same employer, after the completion of one month's employment but before the completion of such year; and

(*b*) in any subsequent calendar year of employment with the same employer, before the completion of such year;

shall upon such termination be paid in respect of each completed month of employment an amount not less than one day's remuneration.

(4) For the purpose of this clause the expression "employment" shall include any period or periods during which an employee is—

(*a*) absent on leave in terms of sub-clause (1) hereof; and

(*b*) absent from work on the instructions or at the request of his employer.

16. KENNISGEWINGBORDE.

Elke werkgewer en/of werkende vennote wat deur hierdie Vasstelling gebind word, moet waar hy/hulle met boubedrywighede besig is, 'n kennisgewingbord van minstens 2 by 1½ voet met die naam en besigheidsadres van die werkgewer of vennootskap daarop, vertoon op 'n opvallende plek wat vir die publiek toeganklik is.

17. REKORDS WAT WERKGEWERS MOET HOU.

Werkgewers moet die rekords hou wat deur subartikel (1) van artikel *sewe-en-twintig* van die Wet verlang word, soos by regulasie 5 van die regulasies kragtens die Wet voorgeskryf.

18. VRYSTELLING.

Die Minister kan skriftelik aan enigeen vrystelling van hierdie Vasstelling of enige bepaling daarvan verleen.

No. 136.] [29 Januarie 1960.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG.

SEILDOEK- EN TOUWERKNYWERHEID, KAAP.

HERNUWING VAN VERSOENINGSRAAD-OOREENKOMS.

Namens die Minister van Arbeid verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens subparagraaf (ii) van paragraaf (*a*) van subartikel (4) soos toegepas by subartikel (9) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, dat die bepalings van Goewermenskennisgewing No. 1727 van 1 November 1957 van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir 'n tydperk van 18 maande.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 139.] [29 Januarie 1960.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK.—DRANKBEDRYF, SOMERSET-WES.

Die Loonraad het 'n opdrag in verband met bovermelde Bedryf ontvang en gee kragtens artikel *nege* van die Loonwet, 1957, kennis dat hierdie ondersoek begin het en dat die Raad te gelegener tyd verslag sal doen oor, en 'n aanbeveling aan die Minister van Arbeid sal voorlê betreffende die drankbedryf, Somerset-Wes.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë tot die Raad te rig. Dié vertoë, saam met ses afskrifte daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Privaatsak 108, Pretoria, voor of op 29 Februarie 1960 bereik.

Die opdrag lui:—

„Die Minister van Arbeid versoek die Loonraad kragtens artikel *vier* van die Loonwet, 1957, om ondersoek in te stel na en aan hom verslag te doen oor die drankbedryf.

Vir die doel van hierdie ondersoek gee die Minister opdrag dat ondersoek ingestel moet word ten opsigte van alle werknemers in dié bedryf in die landdrosdistrik Somerset-Wes.

Kragtens subartikel (1) van artikel *ses* van die Wet gee die Minister voorts aan die Raad opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

Vir die doeleindes van hierdie opdrag beteken—

'drankbedryf' die bedryf wat deur werkgewers en werknemers uitgeoefen word wanneer hulle tydelik of permanent enige besigheid drywe op persele waar drank verkoop word en in verband waarmee een of meer van die volgende lisensies wat ingevolge die Drankwet, 1928, uitgereik word, gehou moet word:—

Hoteldranklisensie (met of sonder buiteverbruikvoorregte);

16. NOTICE BOARDS.

Every employer and/or working partners who are bound by the provisions of the Determination shall, wherever building operations are carried out by him or them, display in a conspicuous place accessible to the public a notice board of a size not less than two feet by one and one-half feet, showing the name and business address of such employer or partnership.

17. RECORDS TO BE KEPT BY EMPLOYERS.

Employers shall keep records required by sub-section (1) of section *twenty-seven* of the Act in the manner prescribed by regulation 5 of the regulations published under the Act.

18. EXEMPTION.

The Minister may grant exemption in writing to any person from all or certain of the provisions of this Determination.

No. 136.] [29 January 1960.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

CANVAS AND ROPEWORKING INDUSTRY, CAPE.

RENEWAL OF CONCILIATION BOARD AGREEMENT.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, hereby, in terms of sub-paragraph (ii) of paragraph (*a*) of sub-section (4), as applied by sub-section (9) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, declare that the provisions of Government Notice No. 1727 of the 1st November, 1957, shall be effective from the date of publication of this notice and for a period of 18 months.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 139.] [29 January 1960.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—LIQUOR TRADE, SOMERSET WEST.

The Wage Board has received a reference in respect of the above-mentioned trade and notifies in terms of section *nine* of the Wage Act, 1957, that the investigation has commenced and that the Board will in due course report on and submit a recommendation to the Minister of Labour concerning the liquor trade, Somerset West.

Interested persons are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by six copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Private Bag 108, Pretoria, not later than the 29th February, 1960.

The reference reads:—

"The Minister of Labour requests the Wage Board in terms of section *four* of the Wage Act, 1957, to investigate and report to him concerning the liquor trade.

For the purpose of this investigation the Minister directs that the investigation shall be in respect of all classes of employees in this industry in the Magisterial District of Somerset West.

In terms of sub-section (4) of section *six* of the Act the Minister further directs the Board to submit to him a recommendation.

For the purpose of this reference—

'liquor trade' means the trade carried on by employers and employees when conducting whether temporarily or permanently any business where the sale of liquor is carried on and in connection with which one or more of the following licences issued under the provisions of the Liquor Act, 1928, are required to be held:—

hotel liquor licence (with or without off-sales privileges);

wyn- en bierlisensie;
teater- of sportgronddranklisensie;
tydelike dranklisensie;
nagtelike geleentheidslisensie;

met dien verstande dat dit nie die bedryf wat uitgeoefen word in 'n restaurant, verversings- en teekamer, waarvan die houer 'n lisensie kragtens item 20 van Deel I van die Tweede Bylae van die Licenties Konsolidatie Wet, 1925, moet hou, insluit nie, waar die houer ook 'n wyn- en bierlisensie in verband met sodanige perseel hou."

No. 140.] [29 Januarie 1960.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK.—BROOD- EN BANKETNYWERHEID, BLOEMFONTEIN.

Die Loonraad sal om 9.30 vm. op 26 Februarie 1960, in Kamer 347, Tweede Verdieping, Landdrosgebou, Euniceweg, Bloemfontein, vergader om mondelinge vertoë van belanghebbende partye aan te hoor oor bovermelde ondersoek waarvoor die opdrag by Goewermentskennisgewing No. 1958 in die *Staatskoerant* van 27 November 1959 gepubliseer is.

J. T. LLEWELLYN,
Sekretaris, Loonraad.

No. 141.] [29 Januarie 1960.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK.—HAARKAPPERSBEDRYF, KIMBERLEY.

Die Loonraad sal om 2 nm. op 23 Februarie 1960 in die Raadkamer, Departement van Arbeid, Churchstraat 7, Kimberley, vergader om mondelinge vertoë van belanghebbende partye aan te hoor oor bovermelde ondersoek waarvoor die opdrag by Goewermentskennisgewing No. 2022 in die *Staatskoerant* van 11 Desember 1959 gepubliseer is.

J. T. LLEWELLYN,
Sekretaris, Loonraad.

No. 142.] [29 Januarie 1960.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK.—BROOD- EN BANKETNYWERHEID, KIMBERLEY.

Die Loonraad sal om 9 vm. op 23 Februarie 1960 in die Raadkamer, Departement van Arbeid, Churchstraat 7, Kimberley, vergader om mondelinge vertoë van belanghebbende partye aan te hoor oor bovermelde ondersoek waarvoor die opdrag by Goewermentskennisgewing No. 1874 in die *Staatskoerant* van 13 November 1959 gepubliseer is.

J. T. LLEWELLYN,
Sekretaris, Loonraad.

wine and malt liquor licence;
theatre or sportsground liquor licence;
temporary liquor licence;
late hours occasional licence;

provided that it does not include the trade carried on in a restaurant, refreshment room, or tearoom in respect of which the keeper is required to hold a licence in terms of item 20 of Part 1 of the second Schedule to the Licences Consolidation Act, 1925, if the keeper also holds a wine and malt liquor licence in connection with such premises."

No. 140.] [29 January, 1960.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—BREAD AND CONFECTIONERY INDUSTRY, BLOEMFONTEIN.

The Wage Board will meet in Room 347, Second Floor, Magistrate's Building, Eunice Road, Bloemfontein, at 9.30 a.m. on the 26th February, 1960, for the purpose of hearing oral representations from interested parties in connection with the above-mentioned investigation, the reference for which was published under Government Notice No. 1958 in the *Government Gazette* of the 27th November, 1959.

J. T. LLEWELLYN,
Secretary, Wage Board.

No. 141.] [29 January 1960.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—HAIRDRESSING TRADE KIMBERLEY.

The Wage Board will meet in the Board Room, Department of Labour, 7 Church Street, Kimberley, at 2 p.m. on the 23rd February, 1960, for the purpose of hearing oral representations from interested parties in connection with the above-mentioned investigation, the reference for which was published under Government Notice No. 2022 in the *Government Gazette* of the 11th December, 1959.

J. T. LLEWELLYN,
Secretary, Wage Board.

No. 142.] [29 January 1960.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—BREAD AND CONFECTIONERY INDUSTRY, KIMBERLEY.

The Wage Board will meet in the Board Room, Department of Labour, 7 Church Street, Kimberley, at 9 a.m. on the 23rd February, 1960, for the purpose of hearing oral representations from interested parties in connection with the above-mentioned investigation, the reference for which was published under Government Notice No. 1874 in the *Government Gazette* of the 13th November, 1959.

J. T. LLEWELLYN,
Secretary, Wage Board.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

No. 53.] [15 Januarie 1960.

VOORGENOME DEPROKLAMERING VAN 'N SEKERE GEDEELTE VAN DIE PLAAS RIETVALLEI No. 256, REGISTRASIE-AFDELING J.T., DISTRIK NELSPRUIT, AS 'N PUBLIEKE DELWERY VIR EDELMETALE.

Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die uitoefening van die Uitvoerende Gesag is voornemens om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die „Precious and Base Metals Act", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), 'n sekere gedeelte van die plaas Rietvallei No. 256, Registrasie-afdeling J.T., distrik Nelspruit, myndistrik Pelgrimsrus, Provinsie Transvaal, ongeveer 227 morg groot, geregistreer op naam van Bernard John Bourke en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Sabie, onder R.M.T. No. 2305 bewaar word, as 'n publieke delwery vir edelmetale te deproklameer.

M.M. 27/1/8 II.

No. 131.] [29 Januarie 1960.

Hierby word, ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) van artikel *vier-en-vyftig* van die Pneumokoniosewet, 1956 (Wet No. 57 van 1956), bekendgemaak dat Sy Edele die Minister van Mynwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) (*a*) van artikel *vier-en-vyftig* van genoemde Wet, die goudmyn wat deur Croesus Gold Mining Company (1959), Limited, op die plaas Langlaagte No. 224 I.Q., in die landdrosdistrik Johannesburg, Provinsie Transvaal, geëksploiteer word, met ingang van 1 Februarie 1960 tot 'n beheerde myn van Groep B verklaar het. M.M. 60/224.

No. 133.] [29 Januarie 1960.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) van artikel *vier-en-vyftig* van die Pneumokoniosewet, 1956 (Wet No. 57 van 1956), bekendgemaak dat Sy Edele die Minister van Mynwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) (*a*) van artikel *vier-en-vyftig* van genoemde Wet, die Montana-asbesmyn wat ontgin word deur N.A.N. (Proprietary), Limited, op Haenertsburg, persele Nos. 123, 124, 126, 127, 135 en 312 in die landdrosdistrik Pietersburg, Provinsie Transvaal, met ingang van 1 Februarie 1960, tot 'n beheerde myn van Groep B verklaar het. M.M. 60/225.

No. 137.] [29 Januarie 1960.

STAATSGROND ONTTREK AAN PUBLIEKE PROSPEKTERING.

Die Adjunk-minister van Mynwese, handelende namens die Minister van Mynwese, het met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*, sekere Staatsgrond, hieronder omskryf, geleë in die distrik Middelburg, myndistrik Pretoria, aan publieke prospektering na edel- en onedelmetale onttrek kragtens subartikel (2) van artikel *tien* van die „Precious and Base Metals Act, 1908" (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), en daardie artikel soos op onedelemetale van toepassing gemaak by artikel *honderd-en-negentien* van gemelde Wet:—

Gedeeltes van die gekonsolideerde plaas Mapochsgronde No. 500 J.S.:—

Beskrywing.	*Grootte.*
Gedeelte 869 ('n gedeelte van Gedeelte 859)...	3,515 vierkante voet.
Gedeelte 867 ('n gedeelte van Gedeelte 860)...	4·4949 morg.
Gedeelte 868 ('n gedeelte van Gedeelte 861)...	11·3467 morg.

DEPARTMENT OF MINES.

No. 53.] [15 January 1960.

PROPOSED DEPROCLAMATION OF A CERTAIN PORTION OF THE FARM RIETVALLEI No. 256, REGISTRATION DIVISION J.T., DISTRICT NELSPRUIT, AS A PUBLIC DIGGING FOR PRECIOUS METALS.

His Excellency the Officer Administering the Government, under and by virtue of the powers vested in him by sub-section (1) of section *thirty-one* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), intends to deproclaim as a public digging for precious metals a certain portion of the farm Rietvallei No. 256, Registration Division J.T., District Nelspruit, Mining District of Pilgrim's Rest, Transvaal Province, in extent approximately 227 morgen, registered in the name of Bernard John Bourke and as shown on a sketch plan, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Sabie, under R.M.T. No. 2305.

M.M. 27/1/8 II.
15-22-29-5.

No. 131.] [29 January 1960.

Notice is hereby given, in terms of sub-section (3) of section fifty-four of the Pneumoconiosis Act, 1956 (Act No. 57 of 1956), that the Honourable the Minister of Mines, under the powers vested in him by sub-section (2) (*a*) of section *fifty-four* of the said Act, has declared the gold mine worked by Croesus Gold Mining Company (1959), Limited, on the farm Langlaagte No. 224 I.Q., in the Magisterial District of Johannesburg, Transvaal Province, to be a controlled mine of Group B with effect from the 1st February, 1960. M.M. 60/224.

No. 133.] [29 January 1960.

Notice is hereby given in terms of sub-section (3) of section *fifty-four* of the Pneumoconiosis Act, 1956 (Act No. 57 of 1956), that the Honourable the Minister of Mines, under the powers vested in him by sub-section (2) (*a*) of section *fifty-four* of the said Act, has declared the Montana Asbestos Mine, which is being worked by N.A.N. (Proprietary), Limited, on Haenertsburg Lots Nos. 123, 124, 126, 127, 135 and 312, in the Magisterial District of Pietersburg, Transvaal Province, to be a controlled mine of Group B with effect from the 1st February, 1960. M.M. 60/225.

No. 137.] [29 January 1960.

STATE-OWNED LAND WITHDRAWN FROM PUBLIC PROSPECTING.

The Deputy-Minister of Mines, acting on behalf of the Minister of Mines, has in terms of sub-section (2) of section *ten* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal) and that section as applied to base metals by section *one hundred and nineteen* of the said Act, withdrawn from public prospecting for precious and base metals, as from the date of publication hereof in the *Government Gazette*, certain state-owned land situate in the District of Middelburg, Mining District of Pretoria, as described hereunder:—

Portions of the consolidated farm Mapochsgronde No. 500 J.S.:—

Description.	*Extent.*
Portion 869 (a portion of Portion 859).....	3,515 square feet.
Portion 867 (a portion of Portion 860).....	4·4949 morgen.
Portion 868 (a portion of Portion 861).....	11·3467 morgen.

Gedeelte van die plaas Mapochsgronde No. 868 J.S.:—

Beskrywing.	*Grootte.*
Gedeelte 1	6·6465 morg.

M.M. 11/1408/284.

No. 138.] [29 Januarie 1960.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om onderstaande aanstellings met ingang van 1 Desember 1959 te maak:—

(i) Charl Petro Joubert as Assistent-registrateur van Mynbriewe en Assistent-registrateur van Randdorpe;
(ii) Charl Petro Joubert om as Registrateur van Mynbriewe en Registrateur van Randdrope op te tree gedurende die afwesigheid, met verlof of in verband met ampspligte, van Gordon Ackroyd Till;
(iii) Johann Frederik Booyzen om as Registrateur van Mynbriewe en Registrateur van Randdorpe op te tree gedurende die afwesigheid, met verlof of in verband met ampspligte, van Gordon Ackroyd Till en Charl Petro Joubert;
(iv) Baden Powell Ogilvie om as Registrateur van Mynbriewe en Registrateur van Randdorpe op te tree gedurende die afwesigheid, met verlof of in verband met ampspligte, van Gordon Ackroyd Till, Charl Petro Joubert en Johann Frederik Booyzen;
(v) Baden Powell Ogilvie om as Assistent-registrateur van Mynbriewe en Assistent-registrateur van Randdorpe op te tree gedurende die afwesigheid, met verlof of in verband met ampspligte, van enige twee van Gordon Ackroyd Till, Charl Petro Joubert en Johan Frederik Booyzen; en
(vi) Johannes Lodewicus Erasmus Smit en Thomas William Manson om as Assistent-registrateurs van Mynbriewe en Assistent-registrateurs van Randdorpe op te tree wanneer Baden Powell Ogilvie as Registrateur van Mynbriewe en Registrateur van Randdorpe optree.

M.M. Staf 5/3.

No. 144.] [29 Januarie 1960.

ALLUVIALE DELWERY PYPKLIP.—VERKLARING TOT 'N DIAMANTHANDELSENTRUM.

Ingevolge artikels *twintig* en *drie-en-twintig* van die „Diamond Trade Ordinance, 1903" (Ordonnansie No. 63 van 1903 van Transvaal), word hierby bekendgemaak dat die plaas Leadpan *alias* Pypklip No. 362, Registrasieafdeling J.P., geleë in die distrik Lichtenburg, myndistrik Klerksdorp, Provinsie Transvaal, en tot 'n alluviale delwery vir edelgesteentes geproklameer by Proklamasie No. 311 van 1959 soos in die *Staatskoerant* van 24 Desember 1959 gepubliseer, met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Staatskoerant* en tot nader kennisgewing 'n plek is ten opsigte waarvan lisensies om in ruwe en ongeslypte diamante handel te dryf, uitgereik kan word.

J. DE KLERK,
Minister van Mynwese.
M.M. 25/11/49.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 108.] [29 Januarie 1960.

MUNISIPALITEIT VAN KIRKWOOD.

AFSKAFFING VAN LOKASIE EN NATURELLEDORP.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het, kragtens subartikel (2) van artikel *drie* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25

Portion of the farm Mapochsgronde No. 868 J.S.:—

Description.	*Extent.*
Portion 1	6·6465 morgen.

M.M. 11/1408/284.

No. 138.] [29 January 1960.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased to appoint, with effect from 1st December, 1959:—

(i) Charl Petro Joubert as Assistant Registrar of Mining Titles and Assistant Rand Townships Registrar;
(ii) Charl Petro Joubert to act as Registrar of Mining Titles and Rand Townships Registrar during the absence on leave or in connection with official duties of Gordon Ackroyd Till;
(iii) Johann Frederik Booyzen to act as Registrar of Mining Titles and Rand Townships Registrar during the absence on leave or in connection with official duties of Gordon Ackroyd Till and Charl Petro Joubert;
(iv) Baden Powell Ogilvie to act as Registrar of Mining Titles and Rand Townships Registrar during the absence on leave or in connection with official duties of Gordon Ackroyd Till, Charl Petro Joubert and Johann Frederik Booyzen;
(v) Baden Powell Ogilvie to act as Assistant Registrar of Mining Titles and Assistant Rand Townships Registrar during the absence on leave or in connection with official duties of any two of Gordon Ackroyd Till, Charl Petro Joubert and Johann Frederik Booyzen; and
(vi) Johannes Lodewicus Erasmus Smit and Thomas William Manson to act as Assistant Registrars of Mining Titles and Assistant Rand Townships Registrars whenever Baden Powell Ogilvie is acting as Registrar of Mining Titles and Rand Townships Registrar.

M.M. Staff 5/3.

No. 144.] [29 January 1960.

PYPKLIP ALLUVIAL DIGGING.—DECLARATION AS A DIAMOND-TRADING CENTRE.

In terms of sections *twenty* and *twenty-three* of the Diamond Trade Ordinance, 1903 (Ordinance No. 63 of 1903 of the Transvaal), it is hereby notified that as from the date of publication of this notice in the *Government Gazette* and until further notice, the farm Leadpan *alias* Pypklip No. 362, Registration Division J.P., situate in the District of Lichtenburg, Mining District of Klerksdorp, Transvaal Province, and proclaimed as an Alluvial Digging for precious stones by Proclamation No. 311 of 1959 as published in the *Government Gazette* of the 24th December, 1959, shall be a locality in respect of which licences may be issued to deal in rough and uncut diamonds.

J. DE KLERK,
Minister of Mines.
M.M. 25/11/49.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 108.] [29 January 1960.

MUNICIPALITY OF KIRKWOOD.

ABOLITION OF LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of sub-section (2) of section *three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (No.

an 1945), die afskaffing van die Plaat-lokasie wat by artikel (4) van Goewermentskennisgewing No. 804 van 29 April 1949 in die gebied onder die beheer van die Munisipaliteit van Kirkwood gestig is, goedgekeur.

Artikel (4) van Goewermentskennisgewing No. 804 van 1949 word hierby herroep. Verw. No. 371/313 (N).

No. 109.] [29 Januarie 1960.

MUNISIPALITEIT VAN MEMEL.

UITBREIDING VAN LOKASIE EN NATURELLEDORP.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het, kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, sy goedkeuring daaraan geheg dat die munisipaliteit van Memel 'n sekere stuk grond, 78·4121 morg groot, synde Onderverdelings 2 en 5 van die plaas Townlands, Streets, Squares and Lanes of Memel No. 75, geleë binne die gebied onder die beheer van genoemde stedelike plaaslike bestuur en soos aangetoon op die kaarte wat deur die Landmeter-generaal onder Nos. 607/59 en 616/1946 goedgekeur is, as 'n lokasie en Naturelledorp bepaal, afsonder en aanlê.

Goewermentskennisgewing No. 1148 van 13 Julie 1928 word hierby herroep. Verw. No. 338/313 (N).

No. 128.] [29 Januarie 1960.

TOEPASSING VAN DIE REGISTRASIEREGULASIES OP DIE GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN DIE AFDELINGSRAAD VAN DIE KAAP.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), onderstaande besonderhede in die Bylaes van Goewermentskennisgewing No. 1032 van 1949, soos gewysig, by te voeg onder die opskrif „Kaapprovinsie":—

EERSTE BYLAE.

Geproklameerde gebied waarop hierdie gegulasies van toepassing is.	Proklamasie wat gebied proklameer.	Datum van proklamasie.	Datum waarop hierdie regulasies van krag word.
Die Afdelingsraad van die Kaap	11	29/1/60	1/2/60

TWEEDE BYLAE.

Bedrag betaalbaar ooreenkomstig regulasie 5 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Die Afdelingsraad van die Kaap.....	Twee sjielings.

DERDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 7 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Die Afdelingsraad van die Kaap.....	Twee sjielings.

VIERDE BYLAE.

Bedrae betaalbaar ooreenkomstig regulasie 12 van hierdie regulasies.

Geproklameerde gebied.	*Betrokke bedrag.*
Die Afdelingsraad van die Kaap.....	Twee sjielings.

616/313 (D).

25 of 1945), approved of the abolition of the Plaat Location established in the area under the jurisdiction of the Municipality of Kirkwood by section (4) of Government Notice No. 804 of the 29th April, 1949.

Section (4) of Government Notice No. 804 of 1949 is hereby repealed. Ref. No. 371/313 (N).

No. 109.] [29 January 1960.

MUNICIPALITY OF MEMEL.

EXTENSION OF LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of paragraphs (*a*) and (*b*) of subsection (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, approved of the defining, setting apart and laying out by the Municipality of Memel, as a location and Native village, of a certain area of land, 78·4121 morgen in extent, being Sub-divisions 2 and 5 of the farm Townlands, Streets, Squares and Lanes of Memel No. 75, situate within the area under the jurisdiction of the said urban local authority and as shown on the diagrams approved by the Surveyor-General under Nos. 607/59 and 616/1946.

Government Notice No. 1148 of the 13th July, 1928, is hereby repealed. Ref. No. 338/313 (N).

No. 128.] [29 January 1960.

APPLICATION OF THE REGISTRATION REGULATIONS TO THE PROCLAIMED AREA OF THE DIVISIONAL COUNCIL OF THE CAPE.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of sub-section (1) of section *thirty-eight* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), to add the following particulars to the Schedules to Government Notice No. 1032 of 1949, as amended, under the heading " Cape Province ":—

FIRST SCHEDULE.

Proclaimed area to which these regulations are applicable.	Proclamation proclaiming Area.	Date of Proclamation.	Date from which these Regulations are of force and Effect.
The Divisional Council of the Cape	11	29/1/60	1/2/60

SECOND SCHEDULE.

Fees payable in terms of regulation 5 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
The Divisional Council of the Cape.....	Two shillings.

THIRD SCHEDULE.

Fees payable in terms of regulation 7 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
The Divisional Council of the Cape.....	Two shillings.

FOURTH SCHEDULE.

Fees payable in terms of regulation 12 of these regulations.

Proclaimed Area.	*Relative Fee.*
The Divisional Council of the Cape.....	Two shillings.

616/313 (D).

No. 129.] [29 Januarie 1960.

PLAASLIKE ARBEIDSBURO.—TOEWYSING VAN BEVOEGDHEDE EN PLIGTE AAN 'N STEDELIKE PLAASLIKE BESTUUR.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, kragtens subregulasie (3) van regulasie 1 van die regulasie afgekondig by Hoofstuk V van Goewermentskennisgewing No. 63 van 1959, die bevoegdhede en pligte in verband met die bestuur van en beheer oor 'n plaaslike arbeidsburo ten opsigte van die geproklameerde gebied soos in Proklamasie No. 11 van 1960 omskryf, aan die Afdelingsraad van die Kaap toegewys het.

289/280 (7) (77).

No. 132.] [29 Januarie 1960.

AFDELINGSRAAD VAN DIE KAAP.—TOEPASSING VAN DIE WET OP HEFFINGS VIR NATURELLEDIENSTE, 1952 (WET No. 64 VAN 1952).

Ek, MICHIEL DANIEL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, verklaar hierby, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *twee* van die Wet op Heffings vir Naturelledienste, 1952 (Wet No. 64 van 1952), die gebied onder die regsmag van die Afdelingsraad van die Kaap met ingang van die 1ste dag van Februarie 1960 tot 'n gebied ten opsigte waarvan die bepalings van genoemde Wet van toepassing is.

Die bydrae betaalbaar met ingang van die 1ste dag van Februarie 1960 deur elke werkgewer van volwasse manlike Naturelle in genoemde verklaarde gebied wat ingevolge artikel *drie* van die Wet daarvoor aanspreeklik is, is twee sjielings, bereken ooreenkomstig die bepalings van daardie artikel.

M. D. C. DE W. NEL,
Minister van Bantoe-administrasie
en -ontwikkeling.

Lêer No. 616/313 Z.

DEPARTEMENT VAN WATERWESE.

No. 111.] [29 Januarie 1960.

VOORGESTELDE BESPROEIINGSDISTRIK LETABA-NOORD-OEWER, DISTRIK LETABA, TRANSVAAL.—BY WET VOORGESKREWE ONDERSOEK.

Hierby word ingevolge subartikel (1) van artikel *twee-en-sewentig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), bekendgemaak dat 'n versoekskrif onderteken deur mnr. W. P. van Niekerk en andere, eienaars van oewerplase aan die Groot-Letabarivier in die distrik Letaba, Transvaal, aan die Minister van Waterwese voorgelê is, waarin verklaar word dat hulle voornemens is om 'n gekombineerde stelsel van waterwerke te bou vir die besproeiing van grond geleë aan die Groot-Letabarivier en dat, ten einde hierdie werk uit te voer, 'n gebied ongeveer 13,300 morg, bestaande uit die volgende plase:—

Fleurbaai No. 418,
Beaconsfield No. 417,
Letabadrift No. 416,
Letaba Estates No. 174,
Rust No. 415,
The Junction No. 270,
Delhi No. 268,
La Gratitude No. 283,
Riverside No. 259,
La Motte No. 284, en
Janetsi No. 260,

tot 'n besproeiingsdistrik verklaar word kragtens artikel *vier-en-sewentig* van genoemde Wet.

No. 129.] [29 January 1960.

LOCAL LABOUR BUREAU.—ASSIGNMENT OF POWERS AND DUTIES TO AN URBAN LOCAL AUTHORITY.

It is hereby notified for general information that the Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of sub-regulation (3) of regulation 1 of the regulations published under Chapter V of Government Notice No. 63 of 1959, assigned to the Divisional Council of the Cape the powers and duties connected with the conduct and control of a local labour bureau in respect of the proclaimed area as defined in Proclamation No. 11 of 1960.

289/280 (7) (77).

No. 132.] [29 January 1960.

DIVISIONAL COUNCIL OF THE CAPE.—APPLICATION OF THE NATIVE SERVICES LEVY ACT, 1952 (ACT No. 64 OF 1952).

I, MICHIEL DANIEL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister of Bantu Administration and Development, hereby declare, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *two* of the Native Services Levy Act, 1952 (Act No. 64 of 1952), the area under the jurisdiction of the Divisional Council of the Cape, with effect from the first day of February, 1960, to be an area in respect of which the said Act shall apply.

The contribution, payable with effect from the 1st day of February, 1960, by every employer of adult male Natives in the said declared area who is liable therefor in terms of section *three* of the Act, is two shillings calculated in accordance with the provisions of that section.

M. D. C. DE W. NEL,
Minister of Bantu Administration
and Development.

File No. 616/313 Z.

